

Sondag 15 November

Skrifgedeelte: Daniël 10:1 – 11:1

Fokusgedeelte: Daniël 10:12

Insig ... om gelowig God se antwoorde te hoor

Moet op prinse nie vertrou nie ... op die mens jou hoop nie bou nie ... Weet ons nog om ons in te span om insig (by God) te kry en ons in gebed voor God te verootmoedig wanneer ons kommer en probleme ons platdruk?

Daniël was in rou, drie weke lank ontsê hy homself luukses sodat hy met inspanning kan bid – nie vir eie gewin nie, maar vir insig en God se raad. Dit is Kores se derde jaar: Die ballingskap is reeds beëindig (vgl. Esra 1:1ev.), maar Daniël is (weens sy posisie in die ryk, want hy wou bitter graag – hfst. 9) nie saam met Serubbabel en die eerste teruggekeerdes terug Jerusalem toe om die stad en tempel te herbou nie. Die berigte wat hy kry (lees Esra), vertel van traagheid, vyandskap teen die bouwerk en moedeloosheid. Sy bede was juis dat die diens aan God herstel word (9:16-17).

God verhoor sy gebede: 'n Hemelse wese met groot mag verskyn om hom te vertel wat sal gebeur, om God se raad mee te deel. Hy kry insig. So geweldig is die engel se verskyning dat hy geheel en al kragteloos word. Die engel self moes vir Daniël eers weer laat herleef. Ons, die mens wat so maklik kan antwoorde gee en antwoorde eis, kan nie staande bly as ons die werklikheid van God se werk en die mag van sy hemelse dienaars sien nie. Daardie dag sal ons beseef dat ons te gou praat, te veel in ons eie insig glo, te maklik antwoorde het en soek.

Wat antwoord God? Hy het jou wat jou inspan met verootmoediging, baie lief. Die maatstaf vir sy liefde is dat nie 'n engel nie, maar sy eie Seun vir ons verskyn en volle versoening bewerk het, die Almagtige wat menslik swak geword het soos ons, vir ons. Sal Hy dan nie al die ander dinge gee nie, of hou ons aan om voor te skryf?

Wees dan tevrede en dankbaar om te weet: hoe jou lewe, die politiek, die geskiedenis ook al verloop, Hy is die outonome regeerder wat alles bestuur en beskik, soos Hy vir Kores beskik het. In die geesteswêreld stuur Hy sy knegte soos Gabriël en Migaël om die kneggeeste van die bose te beveg en sy raad te vestig – hulle is die vorste van ryke in hierdie hoofstuk. Nou die Perse, daarna die Griek, Alexander die Grote. In ons tyd baie ander.

Ná sy Seun se verskyning hoef ons nie meer 'n hemelse verskyning van 'n kneg te beleef om krag te kry nie: Hy is by jou, in jou, deur sy Woord en Heilige Gees wat kragtig werk om ons te vertrou, én selfs sy hemelse knegte gebruik! Dinge gebeur soos God dit besluit het en uitvoer.

Sing: Psalm 146-1:1, 2, 3, 8 / Psalm 146-2:1, 2, 3, 6

Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)